

Oorhandiging van die Jan H. Maraisprys aan professor Hermann Giliomee

Dames en Here

Eerstens is dit vir my 'n voorreg om professor Hermann Giliomee as die eerste ontvanger van die Jan H. Maraisprys van harte geluk te wens met hierdie prestasie. Tweedens is dit vir my 'n eer om die prys namens die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom te oorhandig.

Wat my gelukwensing betref: Die werkgebied van die Akademie bestryk alle wetenskapsvelde - sowel die natuur- as die sosiale wetenskappe. In wetenskapsbeoefening word geskikte data gewoonlik tot bruikbare inligting verwerk, en dié word weer tot kennis ontwikkel. In die basiese of teoretiese Natuurwetenskap word geskepte kennis hoofsaaklik in die vorm van afleidings, stellings en bewyse aangebied. Hierdie kennis dien onder meer as die grondslag en gereedskap vir toegepaste natuurwetenskaplikes se werk, wat organies óf anorganies kan wees. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is die ingenieurswese. Ingenieurs is by uitstek met stelsels doenig. Deur middel van stelseldenke, -ontleding en -beplanning ontwerp hulle stelsels, substelsels en stelselkomponente. In die toegepaste organiese natuurwetenskappe word daar sistemies op lewende organismes gefokus. Medici is byvoorbeeld daarop ingestel om by die mens enige fisieke ongesteldhede vroeg reeds te diagnoseer en waar moontlik voorkomende stappe te doen óf om ingrepe te doen en helende behandeling toe te pas óf, na gelang van omstandighede, die simptome van menslike ongesteldhede te behandel en só genesing te probeer bewerkstellig. Sosiale wetenskaplikes span op hulle beurt kennis in om deur ondervinding en insig wysheid te probeer skep wat vir die mensdom nuttig is.

Die keurkomitee het geoordeel dat die eerste toekenning van die Jan H. Maraisprys as baken moet dien. 'n Baken is 'n vaste verwysingspunt wat dikwels seine of lig uitstraal. Die aarde se baken en vaste bron van energie is ons naaste ster, die son. Waar sterre ligskeppend is, is planete en satelliete ligweerkaatsend. Onder wetenskaplikes is daar ook sterre en planete - sommige wetenskaplikes weerkaats bloot kennis, terwyl die suksesvolle kennisskeppend is. Die eise wat aan wetenskaplike kennisskepping gestel word, is objektiwiteit, herhaalbaarheid, betroubaarheid en geldigheid, wat in die sosiale wetenskappe besonder uitdagend is. Gedagtig aan die reikwydte van die Akademie se werkgebied soos ek dit uitgespel het, is die besondere mate waartoe professor Giliomee as die eerste ontvanger van hierdie prys in sy veld uitgeblink het, 'n besondere prestasie waarmee ek hom opreg gelukwens.

Wat die oorhandiging van die prys aan professor Giliomee betref, die volgende: In die proses om die ontvanger aan te wys, is daar benewens die eise van wetenskaplike kennisskepping wat ek in my gelukwensing genoem het, nougeset op die beginsels van gehalte wetenskapsbeoefening gelet. Die volgende beginsels het die swaarste geweeg: (1) Oorspronklikheid, (2) kritiese insig, (3) doelgerigtheid, (4) onpartydigheid en (5) 'n toeganklike aanbieding. Ek lig hierdie kortliks toe:

- Wat oorspronklikheid betref - professor Giliomee se werk skep by uitstek nuwe insigte wat konsekwent lig werp op ons begrip van sake.
- Sy werk is vreesloos krities ingestel. Hy is nie 'n propagandis nie - 'n kilogram vere en 'n kilogram lood weeg op sy skaal dieselde.
- Sy werk getuig van objektiewe doelgerigtheid. Hy vermoei die gebruiker van sy werk nie met onbenullighede nie.
- Sy werk is onbevooroordeeld en die volle spektrum perspektiewe van 'n saak word deurgaans so in ag geneem dat sy bevindings gewig dra, veral as die rustige oortuigingskrag waarmee die perspektiewe wat hy aanbied, daarby gereken word.

- Sy uitnemende akademiese uitsette in gemaklik leesbare Afrikaans span die kroon op sy werk.

Dames en here, dit is vir my 'n eer om die eerste Jan H. Maraisprys aan professor Giliomee te oorhandig vir sy lang en beduidende bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal.

Wessel Pienaar
Stellenbosch
30 Mei 2016